Geagte Fichie-familie

Oor die Paastyd kry mens baie boodskappe wat die betekenis van die Kruisgebeure uitdruk. Saam dit soek ons ook antwoorde oor die moeilike omstandighede waarin ons,ons tans bevind. Die volgende boodskap vat die bogenoemde dalk die beste saam.....

‘n Gholfstok in my ouma se hande beteken nie veel nie. ‘n Gholfstok in Ernie Els se hande beteken n paar miljoen rand.Dit hang af in wie se hande dit is.....

‘n Stok in die bedelaar se hande kan gebruik word vir selfverdediging. ‘n Stok in Moses se hande het die see geskei.Dit hang af in wie se hande dit is.....

Twee vissies en vyf brode in die ou tannie se hande beteken ‘n paar vis-broodjies. Twee vissies en vyf brode in God se hande beteken kos vir duisende. Dit hang af in wie se hande dit is.....

Met spykers in die skrynwerker se hande kan hy‘ n paar kassies bou. Spykers in Jesus se hande beteken Oorwinning en Verlossing vir die hele wêreld.Dit hang af in wie se hande dit is.....

So sit jou bekommernisse,jou vrese, jou hoop, jou drome, jou familie, jou verhoudinge in God se hande. ONTHOU: Dit hang af in wie se hande dit is.....

Uit: SA Congregation

Herman vd Merwe
Skoolhoof: Hoërskool Fichardtpark